THE PROVINCE OF GAUTENG

DIE PROVINSIE GAUTENG

GAUTENG PROVINCIAL GOVERNMENT

# Provincial Gazette Extraordinary
# Buitengewone Provinsiale Koerant

Selling price • Verkoopprys: **R2,50**
Other countries • Buitelands: **R3,25**

**Vol. 10** PRETORIA, 2 JANUARY / JANUARIE 2004 **No. 1**

**We all have the power to prevent AIDS**




Prevention is the cure

AIDS
HELPLINE
0800 012 322
DEPARTMENT OF HEALTH

04001
9771682452005

2036160—**A** 1—1

## CONTENTS • INHOUD


| *No.* | | *Page No.* | *Gazette No.* |
|---|---|---|---|
| | **LOCAL AUTHORITY NOTICES** | | |
| 1 | Town-planning and Townships Ordinance (15/1986): City of Tshwane Metropolitan Municipality: Declaration as an approved township: Highveld Extension 50 | 3 | 1 |
| 2 | do.: do.: Centurion Amendment Scheme 1142 | 15 | 1 |

# LOCAL AUTHORITY NOTICES

## LOCAL AUTHORITY NOTICE 1

**CITY OF TSHWANE METROPOLITAN MUNICIPALITY**

**DECLARATION OF HIGHVELD EXTENSION 50 AS APPROVED TOWNSHIP**

In terms of section 103 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), the City of Tshwane Metropolitan Municipality hereby declares the Township of Highveld Extension 50 to be an approved township, subject to the conditions as set out in the Schedule hereto.

(16/3/1/989)

SCHEDULE

**CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY JR 209 INVESTMENTS (PTY) LTD IN TERMS OF THE PROVISIONS OF PART C OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE NO 15 OF 1986), FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 127 OF THE FARM BRAKFONTEIN 390 REGISTRATION DIVISION J.R., PROVINCE OF GAUTENG, HAS BEEN GRANTED**

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

(1) NAME

The name of the township shall be Highveld Extension 50.

(2) DESIGN

The township shall consist of erven, parks and streets as indicated on General Plan SG No 7509/2003.

(3) DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals, but excluding -

(a) (i) the following conditions in Title Deed T74351/2002, which do not affect the township:

"(a) Kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr. K4200/1993S gedateer 15 Maart 1993 is die binnegemelde eiendom, synde die dienende eiendom, onderhewig aan 'n reg om stormwater by wyse van pyplyn of op enige ander wyse uit te laat deur die veerduikweg onder die Ben Schoeman Hoofweg op die dienende eiendom ten gunste van (1) Resterende Gedeelte 20 ('n gedeelte van gedeelte 2) van die plaas Brakfontein 390, J.R. en (2) Gedeelte 42 van die plaas Brakfontein 390, J.R. soos meer ten volle sal blyk uit bogenoemde Notariële Akte."

"(b) Kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr. K91/1982S gedateer 5 November 1981 is die hierinvermelde eiendom onderhewig aan 'n ewigdurende reg om elektrisiteit te voorsien deur middel van drade en/of kabels en ander toebehore ondergronds en/of bogronds langs roete aangedui deur letters ABC en EFGHJKLMNOPQ op Diagram L.G. Nr. A.5338/78 ten gunste van die Stadsraad van Centurion."

"(d) Die hierinvermelde eiendom is verder onderhewig aan 'n ewigdurende reg van serwituut ten gunste van die Stadsraad van Centurion vir munisipale doeleindes vir 'n kraglyn oor 'n serwituutgebied 3 meter wyd waarvan die oostelike grens aangedui word deur die lyn AB op die Serwituut Kaart L.G. Nr. A.5069/1984, en welke reg van serwituut sal insluit die reg om 'n kraglyn bogronds of ondergronds in die serwituutgebied aan te lê, welke serwituut geregistreer is kragtens Notariële Akte Serwituut Nr K214/195S."

"(e) Die hierinvermelde eiendom is verder onderhewig aan 'n ewigdurende reg van serwituut ten gunste van die Stadsraad van Centurion vir munisipale doeleindes, vir elektriesiteitsgeleiding, vir stormwaterafvoer, watertoevoer en vir die installasie en onderhoud van 'n rioolpyplyn oor 'n serwituutgebied soos aangedui deur die letters ABCDEFGHJKLM op die Serwituut Kaart L.G. Nr. A.6652/89 en verder deur 'n aangrensende 4 meter wyd serwituutgebied soos aangedui deur die verwysingslyn NPQRSTUVWX en meegaande rigtingwysers op die Serwituut Kaart LG Nr A6652/89 welke serwituut geregistreer is kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr. K.215/1995S."

"(f) Kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr K216/95S gedateer 28 Desember 1994, is die binnegemelde eiendom onderhewig aan 'n ewigdurende serwituut vir munisipale doeleindes vir watergeleiding oor 'n serwituutgebied 3 meter wyd, waarvan die oostelike grens aangedui word deur die lyn ABC op Kaart L.G.

Nr. A.8857/94 met bykomende regte ten gunste van die Stadsraad van Centurion, soos meer volledig sal blyk uit gemelde Notariële Akte en Diagram."

"(g) Kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr. K. 217/95S gedateer 28 Desember 1994, is die binnegemelde eiendom onderhewig aan 'n ewigdurende serwituut vir munisipale doeleindes, naamlik paddoeleindes oor 'n serwituutgebied aangedui deur die letters DEFGHJKLMNPQRS op Kaart L.G. Nr. A.8857/94, ten gunste van die Stadsraad van Centurion, soos meer volledig sal blyk uit gemelde Notariële Akte en Kaart."

"(h) Die binnegemelde eiendom is onderhewig aan:

(i) 'n ewigdurende serwituut oor 'n gebied waarbinne die pyplyn en werke geakkommodeer sal word welke gebied 6 meter wyd is en waarvan die middellyn aangetoon word deur die lyn ABCDEFGHJ op Serwituut Diagram S.G. 5284/1996 vir die installering en oprigting van die pyplyn en werke en die reg om die pyplyn en werke van tyd tot tyd te patrolleer, inspekteer, in stand te hou, herstel, hernieu, verwyder en te verlê."

(ii) 'n serwituutgebied 1 meter wyd, waarvan die middellyn aangetoon word deur die lyn genommer KLMNLPQ op Sewituut Diagram S.G. Nr. 5284/96."

(iii) 'n serwituutgebied 2 meter wyd, waarvan die middellyn aangetoon word deur die lyn gemerk NR op die Serwituut Diagram S.G. Nr. 5284/96 vir die installering en oprigting van katodese beskermingstoerusting en werke en die reg om katodiese beskermingstoerusting en werke van tyd tot tyd te patrolleer, inspekteer, in stand te hou, herstel, hernieu, verwyder en te verlê."

(ii) The following serwitude in Title Deed T74351/2002, which affects a street in the township only:

"(c) Kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr. K3561/1982S gedateer 29 November 1982 is die hierinvermelde eiendom onderhewig aan die ewigdurende reg ten gunste van die Stadsraad van Centurion om 'n substasie vir elektriese kragleiding op te rig en om elektrisiteit te gelei deur middel van drade en/of kabels of ander toebehore ondergronds en/of bogronds langs roete aangedui deur die letters ABCDE en FGHJKLM op die Diagram LG Nr 6202/1981 en AB en BC op Diagram L.G. Nr. 3167/1982."

(b) (i) the following conditions in Title Deed T95223/2001, which do not affect the township:

"(a) Kragtens Notariële Akte van Serwituut K.4200/1993-S gedateer 15 Maart 1993 is die Resterende Gedeelte van Gedeelte 60 ('n gedeelte van Gedeelte 2) van die plaas BRAKFONTEIN 390, Registrasie Afdeling J.R., Provinsie van Gauteng, groot 257,6664 Hektaar, waarvan die eiendom hiermee getransporteer 'n deel

vorm, onderhewig aan 'n reg om stormwater by wyse van pyplyn of op enige ander wyse uit te laat deur die veerduikweg onder die Ben Schoeman Hoofweg op die dienende eiendom ten gunste van (1) Resterende Gedeelte van Gedeelte 20 ('n gedeelte van Gedeelte 2) van die plaas Brakfontein 390, J R en (2) Gedeelte 42 van die plaas Brakfontein 390, J R, soos meer ten volle sal blyk uit bogenoemde Notariële Akte."

"(c) Die hierinvermelde eiendom is verder onderhewig aan 'n ewigdurende serwituut vir munisipale doeleindes ten gunste van DIE STADSRAAD VAN CENTURION welke serwituut 4 meter wyd is, die middellyn waarvan aangetoon word deur die lyn bcdefghjk op aangehegte diagram SG Nr. 6102/1998 en verder 'n 3 meter wye serwituut die middellyn waarvan aangetoon word deur die lyn lmnp op aangehegte Kaart SG Nr. 6102/1998 en welke serwituut geregistreer is kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr K.215/1995-S."

"(e) SUBJECT to the following conditions imposed by the South African Roads Board in terms of the provisions of Section 12(5)(a)(i) of Act 54 of 1971, namely:

(i) With the exception of existing structures, no structure or any other thing whatsoever shall be erected within a distance of 20 metres measured from the national road reserve boundary.

(ii) In the event of the land being consolidated with any other land, the title to the consolidated land shall be subject to the abovementioned condition."

(ii) The following servitude in Title Deed T95223/2001, which affects a street in the township only:

"(b) Kragtens Notariële Akte en Serwituut Nr K3561/1982S gedateer 29 November 1982 is die hierinvermelde eiendom onderhewig aan die ewigdurende reg ten gunste van STADSRAAD VAN CENTURION om 'n substasie vir elektriese kragleiding op te rig en om elektrisiteit te gelei deur middel van drade en/of kabels of ander toebehore ondergronds en/of bogronds langs 'n roete 30 meter wyd vir middellyn waarvan aangedui word deur die lyn qrs op aangehegte diagram SG Nr 6102/1988."

(iii) the following servitude in Deed of Transfer T95223/2001 which affects all erven in the township:

"(d) SUBJECT to the following condition, stipulated and enforceable by the Town Council of Centurion, namely that the transferee may only erect buildings on the property on an area which is geologically suitable for building purposes."

(iv) the following servitude which affects erven 2940 to 2947 in the township:

"Subject to a servitude 5 meters wide over the Remainder of Portion 60 of the farm Brakfontein Nr 390 JR, where the centre line is represented by the line lettered ABCDEFGHJKLMNPQRSTUVW on diagram S.G. Nr. 6101/1998."

(4) ACCESS

(a) Ingress from Provincial Road K109 to the township and egress to Provincial Road K109 from the township shall be restricted to the intersection of Witch-Hazel Avenue with the said road.

(b) The township owner shall at its own expense, submit a geometric design layout (scale 1:500) of the ingress and egress points referred to in (a) above, and specifications for the construction of the accesses, to the Department of Public Transport, Roads and Works, for approval. The township owner shall after approval of the layout plan and specifications, construct the said ingress and egress points at its own expense to the satisfaction of the Department of Public Transport, Roads and Works.

(5) ACCEPTANCE AND DISPOSAL OF STORMWATER

The township owner shall arrange for the drainage of the township to fit in with that of Roads K54, K109 and the National Road N1 and for all stormwater running off or being diverted from the roads to be received and disposed of.

(6) PRECAUTIONARY MEASURES

The township owner shall at its own expense, make arrangements with the Local Authority in order to ensure that -

(a) water will not dam up, that the entire surface of the township area is drained properly and that streets are sealed effectively with tar, cement or bitumen; and

(b) trenches and excavations for foundations, pipes cables or for any other purposes, are properly refilled with damp soil in layers not thicker than 150mm, and compacted until the same grade of compaction as that of the surrounding material is obtained.

(7) REMOVAL OR REPLACEMENT OF MUNICIPAL AND/OR TELKOM SERVICES

If, by reason of the establishment of the township, it should become necessary to remove or replace any existing municipal and/or Telkom services, the cost thereof shall be borne by the township owner.

(8) DEMOLITION OF BUILDINGS AND STRUCTURES

The township owner shall at it's own expense cause all existing buildings and structures situated within the building line reserves, side spaces or over common boundaries to be demolished to the satisfaction of the Local Authority, when required by the Local Authority to do so.

(9) OBLIGATIONS IN REGARD TO SECTION 21 COMPANY

(a) The applicant shall properly and legally constitute a Section 21 Company to the satisfaction of the Local Authority prior to the transfer of any erf.

(b) Erven 2937, 2939, 2941, 2943, 2945 and 2947 shall, prior to or simultaneously with the registration of the first erven in the township be transferred to the Section 21 Company. The Section 21 Company shall take full responsibility for the maintenance of these erven.

2. CONDITIONS OF TITLE

The erven mentioned below shall be subject to the condition as indicated, laid down by the City of Tshwane Metropolitan Municipality in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986):

(1) ALL ERVEN

(a) The erf is subject to a servitude, 3m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 2m wide across the access portion of the erf, if and when required by the Local Authority: Provided that the Local Authority may dispense with any such servitude.

(b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2m thereof.

(c) The Local Authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the Local Authority.

(2) ERVEN 2938, 2940, 2942, 2944 AND 2946

The owner of each erf or of any subdivision thereof, or of any sectional title unit thereon or of any interest therein, shall automatically become and shall remain members of the Section 21 Company and be subject to its memorandum and articles until such owners cease to be owner as aforesaid. None of the said erven, nor any unit erected thereon, nor any interest therein, shall be transferred to any person who has not bound himself/herself/itself to the satisfaction of the Section 21 Company to become a member thereof and without prior written confirmation of the Section 21 Company that all amounts due to the Section 21 Company by the owner have been paid in full.

(3) ERVEN 2939, 2941, 2943 AND 2945

The erven are in totality subject to a servitude for municipal purposes as well as a servitude of Right of Way in favour of the Local Authority as indicated on the General Plan.

(4) ERF 2947

The erf is subject to a stormwater and sewer serwitude in favour of the Local Authority as indicated on the General Plan.

## PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1

### STAD TSHWANE METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT

### VERKLARING VAN HIGHVELD UITBREIDING 50 TOT GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge artikel 103 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No 15 van 1986), verklaar die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit hierby die dorp Highveld Uitbreiding 50 tot 'n goedgekeurde dorp, onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

(16/3/1/989)

BYLAE

**STAAT VAN VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR JR 209 INVESTMENTS (PTY) LTD INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DEEL C VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE NO. 15 VAN 1986), OM TOESTEMMING OM 'N DORP OP GEDEELTE 127 VAN DIE PLAAS BRAKFONTEIN 390 REGISTRASIE AFDELING J.R., GAUTENG, TE STIG, TOEGESTAAN IS**

1. STIGTINGSVOORWAARDES

(1) NAAM

Die naam van die dorp is Highveld Uitbreiding 50.

(2) ONTWERP

Die dorp bestaan uit erwe, parke en strate soos aangedui op Algemene Plan LG No. 7509/2003.

(3) BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale, maar uitgesonderd -

(a) (i) die volgende voorwaardes in Titelakte T74351/2002, wat nie die dorp raak nie:

"(a) Kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr. K4200/1993S gedateer 15 Maart 1993 is die binnegemelde eiendom, synde die dienende eiendom, onderhewig aan 'n reg om stormwater by wyse van pyplyn of op enige ander wyse uit te laat deur die veerduikweg onder die Ben Schoeman Hoofweg op die dienende eiendom ten gunste van (1) Resterende Gedeelte 20 ('n gedeelte van gedeelte 2) van die plaas Brakfontein 390, J.R. en (2) Gedeelte 42 van die plaas Brakfontein 390, J.R. soos meer ten volle sal blyk uit bogenoemde Notariële Akte."

"(b) Kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr. K91/1982S gedateer 5 November 1981 is die hierinvermelde eiendom onderhewig aan 'n ewigdurende reg om elektrisiteit te voorsien deur middel van drade en/of kabels en ander toebehore ondergronds en/of bogronds langs roete aangedui deur letters ABC en EFGHJKLMNOPQ op Diagram L.G. Nr. A.5338/78 ten gunste van die Stadsraad van Centurion."

"(d) Die hierinvermelde eiendom is verder onderhewig aan 'n ewigdurende reg van serwituut ten gunste van die Stadsraad van Centurion vir munisipale doeleindes vir 'n kraglyn oor 'n serwituutgebied 3 meter wyd waarvan die oostelike grens aangedui word deur die lyn AB op die Serwituut Kaart L.G. Nr. A.5069/1984, en welke reg van serwituut sal insluit die reg om 'n kraglyn bogronds of ondergronds in die serwituutgebied aan te lê, welke serwituut geregistreer is kragtens Notariële Akte Serwituut Nr K214/195S."

"(e) Die hierinvermelde eiendom is verder onderhewig aan 'n ewigdurende reg van serwituut ten gunste van die Stadsraad van Centurion vir munisipale doeleindes, vir elektriesiteitsgeleiding, vir stormwaterafvoer, watertoevoer en vir die installasie en onderhoud van 'n rioolpyplyn oor 'n serwituutgebied soos aangedui deur die letters ABCDEFGHJKLM op die Serwituut Kaart L.G. Nr. A.6652/89 en verder deur 'n aangrensende 4 meter wyd serwituutgebied soos aangedui deur die verwysingslyn NPQRSTUVWX en meegaande rigtingwysers op die Serwituut Kaart LG Nr A6652/89 welke serwituut geregistreer is kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr. K.215/1995S."

"(f) Kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr K216/95S gedateer 28 Desember 1994, is die binnegemelde eiendom onderhewig aan 'n ewigdurende serwituut vir munisipale doeleindes vir watergeleiding oor 'n serwituutgebied 3 meter wyd, waarvan die

oostelike grens aangedui word deur die lyn ABC op Kaart L.G. Nr. A.8857/94 met bykomende regte ten gunste van die Stadsraad van Centurion, soos meer volledig sal blyk uit gemelde Notariële Akte en Diagram."

"(g) Kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr. K. 217/95S gedateer 28 Desember 1994, is die binnegemelde eiendom onderhewig aan 'n ewigdurende serwituut vir munisipale doeleindes, naamlik paddoeleindes oor 'n serwituutgebied aangedui deur die letters DEFGHJKLMNPQRS op Kaart L.G. Nr. A.8857/94, ten gunste van die Stadsraad van Centurion, soos meer volledig sal blyk uit gemelde Notariële Akte en Kaart."

"(h) Die binnegemelde eiendom is onderhewig aan:

(i) 'n ewigdurende serwituut oor 'n gebied waarbinne die pyplyn en werke geakkommodeer sal word welke gebied 6 meter wyd is en waarvan die middellyn aangetoon word deur die lyn ABCDEFGHJ op Serwituut Diagram S.G. 5284/1996 vir die installering en oprigting van die pyplyn en werke en die reg om die pyplyn en werke van tyd tot tyd te patrolleer, inspekteer, in stand te hou, herstel, hernieu, verwyder en te verlê."

(ii) 'n serwituutgebied 1 meter wyd, waarvan die middellyn aangetoon word deur die lyn genommer KLMNLPQ op Sewituut Diagram S.G. Nr. 5284/96."

(iii) 'n serwituutgebied 2 meter wyd, waarvan die middellyn aangetoon word deur die lyn gemerk NR op die Serwituut Diagram S.G. Nr. 5284/96 vir die installering en oprigting van katodese beskermingstoerusting en werke en die reg om katodiese beskermingstoerusting en werke van tyd tot tyd te patrolleer, inspekteer, in stand te hou, herstel, hernieu, verwyder en te verlê."

(ii) Die volgende serwituut in Titelakte T74351/2002, wat slegs 'n straat in eid dorp raak:

"(c) Kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr. K3561/1982S gedateer 29 November 1982 is die hierinvermelde eiendom onderhewig aan die ewigdurende reg ten gunste van die Stadsraad van Centurion om 'n substasie vir elektriese kragleiding op te rig en om elektrisiteit te gelei deur middel van drade en/of kabels of ander toebehore ondergronds en/of bogronds langs roete aangedui deur die letters ABCDE en FGHJKLM op die Diagram LG Nr 6202/1981 en AB en BC op Diagram L.G. Nr. 3167/1982."

(b) (i) Die volgende voorwaardes in Titelakte T95223/2001, wat nie die dorp raak nie:

"(a) Kragtens Notariële Akte van Serwituut K.4200/1993-S gedateer 15 Maart 1993 is die Resterende Gedeelte van Gedeelte 60 ('n gedeelte van Gedeelte 2) van die plaas BRAKFONTEIN 390, Registrasie Afdeling J.R., Provinsie van Gauteng, groot 257,6664

Hektaar, waarvan die eiendom hiermee getransporteer 'n deel vorm, onderhewig aan 'n reg om stormwater by wyse van pyplyn of op enige ander wyse uit te laat deur die veerduikweg onder die Ben Schoeman Hoofweg op die dienende eiendom ten gunste van (1) Resterende Gedeelte van Gedeelte 20 ('n gedeelte van Gedeelte 2) van die plaas Brakfontein 390, J R en (2) Gedeelte 42 van die plaas Brakfontein 390, J R, soos meer ten volle sal blyk uit bogenoemde Notariële Akte."

"(c) Die hierinvermelde eiendom is verder onderhewig aan 'n ewigdurende serwituut vir munisipale doeleindes ten gunste van DIE STADSRAAD VAN CENTURION welke serwituut 4 meter wyd is, die middellyn waarvan aangetoon word deur die lyn bcdefghjk op aangehegte diagram SG Nr. 6102/1998 en verder 'n 3 meter wye serwituut die middellyn waarvan aangetoon word deur die lyn lmnp op aangehegte Kaart SG Nr. 6102/1998 en welke serwituut geregistreer is kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr K.215/1995-S."

"(e) SUBJECT to the following conditions imposed by the South African Roads Board in terms of the provisions of Section 12(5)(a)(i) of Act 54 of 1971, namely:

(i) With the exception of existing structures, no structure or any other thing whatsoever shall be erected within a distance of 20 metres measured from the national road reserve boundary.

(ii) In the event of the land being consolidated with any other land, the title to the consolidated land shall be subject to the abovementioned condition."

(ii) Die volgende serwituut in Titelakte T95223/2001, wat slegs 'n straat in die dorp raak:

"(b) Kragtens Notariële Akte en Serwituut Nr K3561/1982S gedateer 29 November 1982 is die hierinvermelde eiendom onderhewig aan die ewigdurende reg ten gunste van STADSRAAD VAN CENTURION om 'n substasie vir elektriese kragleiding op te rig en om elektrisiteit te gelei deur middel van drade en/of kabels of ander toebehore ondergronds en/of bogronds langs 'n roete 30 meter wyd vir middellyn waarvan aangedui word deur die lyn qrs op aangehegte diagram SG Nr 6102/1988."

(iii) Die volgende serwituut in Titelakte T95223/2001 wat alle erwe in die dorp raak:

"(d) SUBJECT to the following condition, stipulated and enforceable by the Town Council of Centurion, namely that the transferee may only erect buildings on the property on an area which is geologically suitable for building purposes."

(iv) Die volgende serwituut wat slegs erwe 2940 tot 2947 in die dorp raak:

"Subject to a servitude 5 meters wide over the Remainder of Portion 60 of the farm Brakfontein Nr 390 JR, where the centre line is represented by the line lettered ABCDEFGHJKLMNPQRSTUVW on diagram S.G. Nr. 6101/1998."

(4) TOEGANG

a) Ingang van Provinsiale Pad K109 tot die dorp en uitgang tot Provinsiale Pad K109 uit die dorp word beperk tot die interseksie van Witch-Hazellaan met sodanige pad.

b) Die dorpseienaar moet op eie koste 'n meetkundige uitlegontwerp (skaal 1:500) van die ingang- en uitgangspunte genoem in (a) hierbo en spesifikasies vir die bou van die aansluitings laat opstel en vir goedkeuring aan die Direkteur-generaal: Departement van Vervoer en Openbare Werke, voorlê. Die dorpseienaar moet, nadat die ontwerp en spesifikasies goedgekeur is, die toegange op eie koste bou tot tevredenheid van die Direkteur-generaal: Departement van Vervoer en Openbare Werke.

(5) ONTVANGS VAN EN WEGDOEN MET STORMWATER

Die dorpseienaar moet die stormwaterdreinering van die dorp so reël dat dit inpas by die van die Pad K54, K109 en die Nasionale Pad N1 en hy moet die stormwater wat van die pad afloop of afgelei word, ontvang en daarmee wegdoen.

(6) VOORKOMENDE MAATREëLS

Die dorpseienaar moet op eie koste reëlings met die plaaslike bestuur tref om te verseker dat-

(a) Water nie opdam nie, dat die hele oppervlakte van die dorpsgebied behoorlik gedreineer word en dat strate doeltreffend met teer, beton of bitumen geseël word; en

(b) slote en uitgrawings vir fondamente, pype, kabels of vir enige ander doeleindes behoorlik met klam grond in lae wat nie dikker as 150mm is nie, opgevul word en gekompakteer word totdat dieselfde verdigtingsgraad as wat die omliggende materiaalhet, verkry is.

(7) VERSKUIWING EN/OF VERWYDERING VAN MUNISIPALE EN/OF TELKOM DIENSTE

Indien dit as gevolg van die stigting van die dorp nodig word om enige bestaande munisipale en/of Telkom dienste te verskuif of te vervang, moet die koste daarvan deur die dorpseienaar gedra word.

(8) SLOPING VAN GEBOUE EN STRUKTURE

Die dorpseienaar moet op eie koste alle bestaande geboue en strukture wat binne boulynreserwes en kantruimtes of oor gemeenskaplike grense gelê is, of bouvallige strukture laat sloop tot tevredenheid van die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit wanneer die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit dit vereis.

(9) DORPSEIENAAR SE VERPLIGTINGE MET BETREKKING TOT DIE ARTIKEL 21 MAATSKAPPY

(a) Die dorpseienaar moet 'n Artikel 21 Maatskappy (huiseienaarsvereniging) registreer tot tevredenheid van die Plaaslike Bestuur alvorens enige erf oorgedra sal word.

(b) Erwe 2937, 2939, 2941, 2943, 2945 en 2947 sal alvorens of gelyktydig aan die registrasie van die eerste erf in die dorp, oorgedra word aan die Artikel 21 Maatskappy. Die Artikel 21 Maatskappy sal volle verantwoordelikheid aanvaar vir die instandhouding van hierdie erwe.

2. TITELVOORWAARDES

Die erwe hieronder genoem, is onderworpe aan die voorwaarde soos aangedui, opgelê deur die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van1986):

(1) ALLE ERWE

(a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut, 3 meter breed, vir munisipale dienste (water, riool, elektrisiteit, stormwater) (hierna "die dienste" genoem), ten gunste van die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes, 2 meter breed, oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer die plaaslike bestuur dit verlang: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.

(b) Geen geboue of ander strukture mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 meter daarvan geplant word nie.

(c) Die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit is daarop geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige dienste en ander werke wat hy na goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op grond wat aan die voornoemde serwituut grens, en voorts is die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit geregtig op redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige dienste en ander werke veroorsaak word.

(2) ERWE 2938, 2940, 2942, 2944 EN 2946

Die eienaar van enige erf, onderverdeling daarvan of deeltitel eenheid daarop of wat enige belang daarin het, sal outomaties 'n lid word en sal 'n lid bly van die Artikel 21 Maatskappy en sal onderworpe wees aan die Akte van Oprigting en Statute tot tyd en wyl die eienaar nie meer die geregistreerde eienaar van 'n erf in die dorp is nie. Geen een van die gemelde erwe, of enige eenheid op die erwe, of enige belang daarin, sal oorgedra word aan 'n persoon wat nie verbind is tot tevredenheid van die Artikel 21 Maatskappy as lid en sonder vooraf skriftelike bevestiging van die Artikel 21 Maatskappy dat alle bedrae verskuldig aan die Artikel 21 Maatskappy deur die eienaar ten volle vereffen is nie.

(3) ERWE 2939, 2941, 2943 EN 2945

Die erwe is in totaliteit onderworpe aan die serwituut vir Munisipale doeleindes asook 'n Reg-van-Weg serwituut ten gunste van die Plaaslike Bestuur soos aangedui op die Algemene Plan.

(4) ERF 2947

Die erf is onderworpe aan 'n stormwater en riool serwitut ten gunste van die Plaaslike Bestuur soos aangedui op die Algemene Plan.

## LOCAL AUTHORITY NOTICE 2

CITY OF TSHWANE METROPOLITAN MUNICIPALITY

**CENTURION AMENDMENT SCHEME 1142**

It is hereby notified in terms of the provisions of Section 125(1) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that the City of Tshwane Metropolitan Municipality has approved an amendment scheme with regard to the land in the Township of Highveld Extension 50, being an amendment of the Centurion Town Planning Scheme, 1992.

This amendment is known as the Centurion Amendment Scheme 1142.

General Manager, Legal Services

P O Box 14013, Centurion, 0140

Reference 16/3/1/989

## PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2

STAD VAN TSHWANE METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT

**CENTURION WYSIGINGSKEMA 1142**

Hierby word ingevolge die bepalings van Artikel 125 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), bekend gemaak dat die Stad van Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit 'n wysigingskema met betrekking tot die grond in die dorp Highveld Uitbreiding 50, synde 'n wysiging van die Centurion Dorpsbeplanningskema, 1992, goedgekeur het.

Hierdie wysiging staan bekend as Centurion Wysigingskema 1142.

Algemene Bestuurder: Regsdienste

Posbus 14013, Lyttelton, 0140

(Verw 16/3/1/989)

Printed by the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001, for the **Gauteng Provincial Administration**, Johannesburg
Gedruk deur die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001, vir die **Gauteng Provinsiale Administrasie**, Johannesburg